**G. van der Watt**

Dr. G. van der Watt, Navorsingsgenoot, Dept. Praktiese en Missionale Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.
E-pos:missio@ngkvs.co.za
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-5993-636X

DOI: http://dx.doi.org/10.18820/23099089/actat.Sup28.8
ISSN 1015-8758 (Print)
ISSN 2309-9089 (Online)

Acta Theologica 2019
Suppl 28:121-145

Date Published:
6 December 2019

Published by the UFS
http://journals.ufs.ac.za/index.php/at

© Creative Commons
With Attribution (CC-BY)

OPEN ACCESS

# KAREL SCHOEMAN EN DIE LEEFWÊRELD VAN VROEË SENDELINGE IN SUID-AFRIKA – ’N OORSIG OOR SY SENDING-GESKIEDSKRYWING

## ABSTRACT

Karel Schoeman, the award-winning Afrikaans author, not only wrote several seminal novels (for which he received the highest Afrikaans literature prizes), but his contribution to research focusing on the 18th and early 19th century South African sociocultural history is also remarkable. He collected and put together an enormous volume of archival resources accessible to a large audience of interested readers and scholars alike. He especially concentrated on the history of missionaries and mission organisations; he wrote a long list of biographies, of which the most important ones were of women with some connection to the missionary endeavour. Schoeman’s unique approach to historiography is making a significant contribution that is relevant to missionary history and theology as such. He retrieved often neglected but important voices from the past. Contrary to canonised, confessional and denominational church history, he opted to focus on missionaries (Black and White), slaves, women, and the historically marginalised. He wrote about their “lived faith” within the sociocultural contexts of their time.

He did substantial work on Pietism as a religious movement impacting on the Afrikaner piety of the era, stimulating missionary endeavours. This article argues that Schoeman's historiographic legacy (his oeuvre and distinct approach) makes an invaluable contribution to South African theology and missionary history.

## 1. INLEIDING

Die oeuvre van die bekroonde Afrikaanse skrywer Karel Schoeman is omvangryk en veelvlakkig. Soos 'n hoë berg verg dit menige, vermoeiende dagreise om uit te klim, net om te ontdek dat jy alleen maar 'n gedeelte van sy lewenstaak kan oorskou, met 'n beperkte blikveld … en tog kyk jy met groeiende bewondering. In *Sluiswagter by die dam van stemme* (Burger & Van Vuuren 2002), word sy indrukwekkende lys publikasies getabuleer, asook die publikasies en studies oor sy werk wat tot daardie stadium verskyn het. Van Vuuren (2002a:51-64) gee daarin 'n oorsig oor sy korpus. 'n Groot deel van Schoeman se historiese geskrifte handel oor Suid-Afrikaanse sendelinge van die laat 18$^{de}$ en vroeë 19$^{de}$ eeu. Erlank (2000) bied 'n lang, maar, soos sy self erken, steeds onvolledige lys biografiese en sosio-historiese publikasies wat oor sendelinge en hul wêreld handel. In sy romans, speel sendelinge uit sy historiese navorsing dikwels 'n sentrale rol binne 'n "histories verbeelde", maar tegelyk "histories getroue" milieu, soos byvoorbeeld die Schefflers in 'n *Ander land* (1984a), en Machtelt Smit en dr Johannes van der Kemp in *Verkenning* (1996a). In sy romans, maak Schoeman ook gebruik van fiktiewe sendeling-tipe karakters soos Miss Godby en Minnie Colefax in *Verliesfontein* (1998a), Danie Steenkamp in *Die uur van die engel* (1995a), of die naïewe Johannes in *Verkenning* (1996a). Die religieuse speel 'n besonder belangrike rol in byna al Schoeman se werk. Sendelinge en hul leefwêreld is by uitstek die fokus in die meeste van sy historiese navorsing; hulle dien egter ook as rigtinggewende karakters vir die geestelike reis in sy romans (Van Vuuren 2002b:285-286).

Dit is vreemd en jammer dat daar vanuit kerklike-teologiese kringe so min kennis geneem word van Schoeman se sendinggeskiedskrywing. Met sy uitmuntende *Die reis gaan inwaarts, die kuns van sterwe in kreatiewe werke van Karel Schoeman* (2017) het Cas Wepener, vanuit 'n pastoraal-teologiese hoek, 'n studie oor Schoeman se werk gemaak, spesifiek oor die *ars moriendi* (die kuns van sterwe). Raath (2014; 2017a; 2017b) het vanuit 'n meer kultuur-historiese hoek enkele artikels oor Schoeman se historiografiese navorsing oor die Kaapse Piëtisme die lig laat sien. Binne die "amptelike" of konfessionele/denominasionele kerk- en sendinggeskiedskrywing is daar egter weinig verwysings na sy reuse

bydrae op die gebied. Hierdie artikel poog eerstens om ’n oorsig te bied oor Schoeman se nalatenskap oor sendinggeskiedskrywing. Tweedens word hierin besin oor die historiografiese benadering in Schoeman se beskrywing van die lewensverhale en die leefwêrelde van sendelinge. Hoe het Schoeman hul diepste oorweginge (die stemme uit die verlede), die teologiese en sosiale agtergrond waaruit hulle kom, die eerste ontmoetings – op die limiete – tussen sendelinge uit Europa en die inheemse mense van Afrika, die rol van sendelinge in die koloniale projek en veral ook hul blywende vreemdelingskap, sosiaal en in die onherbergsame Afrika-landskap, geteken? Het hy met ander historici in gesprek getree, of met teoloë en die teologie as sodanig? Ten diepste is die vraag: Wat sou die relevansie van Schoeman se werk vir kerk- en sendinggeskiedskrywing as teologiese dissipline kon wees?

## 2. DIE OMVANG VAN SCHOEMAN SE HISTORIESE NAVORSING OOR SENDELINGE EN HUL LEEFWÊRELD – ’N BONDIGE (EN STEEDS ONVOLLEDIGE) OORSIG

### 2.1 Korter biografieë en monografieë

Karel Schoeman het ’n hele aantal kort biografieë en monografieë, ongeveer 100 bladsye elk, oor sendingstasies, sendelinge en die leefwêreld van sendelinge geskryf. Dit handel meestal oor die laat 18de en eerste helfte van die 19de eeu. Die boeke is in Afrikaans of Engels geskryf, met aanhalings uit die oorspronklike Nederlands, Engels of Duits. Schoeman het ’n aantal werke uit Duitse en Franse bronne vertaal of verwerk. ’n Paar van die werke bevat ’n geredigeerde versameling van briewe en dagboeke, aangevul met relevante en kontemporêre dokumente asook uitgebreide notas deur Schoeman. Meestal is dit egter volbloed, goed-nagevorsde, historiese biografieë, waarin soveel moontlik primêre bronne op bevatlike wyse weergegee of geïnterpreteer word. Schoeman se uitdruklike doel hiermee was om argivale materiaal in maklik leesbare, boeiende geskiedeniswerke vir die nageslag (geïnteresseerde lesers sowel as ernstige navorsers) beskikbaar te maak.

Die bundel *The early mission in South Africa/Die vroeë sending in Suid-Afrika* (2005a) bevat ’n reeks artikels wat oor die jare in historiese tydskrifte verskyn het. Dit bied ’n oorsig oor die werksaamhede van die Londense Sendinggenootskap en gee biografiese inligting oor ’n sestien-tal sendelinge, waaronder nege “nie-Wit” en drie vroue. Met hierdie keuse toon Schoeman (2005a:154) aan dat “non-whites of various races and

nationalities were actively involved, in practice often on a basis of near equality with the whites, a fact scarcely known or appreciated today". Hoewel die Bruin en Swart sendelinge dieselfde werk as hul Wit kollegas gedoen het, is daar egter dikwels teen hulle gediskrimineer – veral deur die patriargale Robert Moffat van Kuruman wat leiding geneem het in 'n tweede generasie sendelinge (Schoeman 2005a:67, 155, 191). Deur oor hierdie verstote figure te skryf, wil Schoeman (2005a:56) doelbewus 'n korreksie bring op die amptelike sendinggeskiedskrywing waarin hierdie mindere stemme net nie gehoor word nie, soos byvoorbeeld in die werke van prof. Johannes du Plessis. Hy dui ook aan dat daar in amptelike kerklike kringe nie algemene instemming met sendingwerksaamhede was nie; trouens, sendelinge het meestal erge teenstand van die amptelike kerk gekry en is alleen maar deur kleiner piëtistiese groepe ondersteun. Daar was in die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n vrees dat die opvoeding van "heidene" hulle te geleerd (en vrypostig) sou maak – die bekende "vrees vir gelykstelling" wat soos 'n goue draad deur die Suid-Afrikaanse sendinggeskiedenis loop (Elphick 2012). Daar is ook voortdurend daarteen gewaak dat sendelinge Blanke lidmate bedien. Die sendelinge was meestal betreklik onopgevoede mans van beskeie herkoms (Schoeman 2005a:25, 26). Schoeman dui aan dat die vroeë sendelinge nie resloos in diens van die koloniale projek gestaan het nie, maar dat hulle hulself eerder in botsing daarmee bevind het; meestal het hulle met die inheemse mense se lotgevalle geïdentifiseer en meermale het Wit sendelinge met inheemse vroue in die huwelik getree. Dit blyk uit die reeks artikels dat die vroeë sendelinge onbeholpe was, dat daar min sprake van sukses op hul arbeid was, en dat hulle hulself as vreemdelinge tussen kulture en in die Afrika-landskap bevind het.

Die lys historiese monografieë en biografieë sluit, onder andere, in *J.J. Kicherer en die vroeë sending, 1799-1806* (1996b), 'n studie oor dié omstrede Nederlandse sendeling wat as pionier saam met dr J.T. van der Kemp in 1799 na die Kaap gekom het, asook *The mission at Griquatown, 1801-1821* (1997a). Schoeman het die bronne vir *A debt of gratitude. Lucy Lloyd and the "Bushman work" of G.W. Stow* (1997b) versamel, van 'n inleiding voorsien en redaksioneel versorg. Dit bied 'n rykdom aan etnografiese gegewens oor die Boesman (San) se taal en rotskuns. Hy het drie werke oor die Londense Sendinggenootskap die lig laat sien, eweneens oor sendingwerk onder die San (Boesmans): *Die Londense Sendinggenootskap en die San: Die Stasies Ramah, Konnah en Philippolis, 1816-1828* (1993a); *Die Londense Sendinggenootskap en die San: Die Stasies Toornberg en Hepzibah, 1814-1818* (1993b), en *Die Londense Sendinggenootskap en die San: Die Stasie Boesmanskool en die einde van die sending, 1828-1833* (1994a).

In die kategorie korter historiese monografieë oor sendinggenootskappe en biografieë oor die vroeë sendelinge in Suid-Afrika is daar twee publikasies oor merkwaardige vroue in die sendingveld. In *Die kort sendingsloopbaan van Sophia Burgmann 1805-1812* (1994b) word die tragiese verhaal vertel van die eerste vrou wat deur die Nederlandse Sendinggenootskap uitgestuur is. Na jare se gesloer om haar uiteindelik met die status van volwaardige sendeling uit te stuur, iets wat in daardie era ongehoord was, beland hierdie fyn opgevoede, begaafde vrou met haar sterk sendingroeping en haar onbevoegde sendelingman uiteindelik op die sendingstasie Warmbad, net oorkant die Oranjerivier in die Suide van Namibië. Die vyandelikhede van Kaptein Afrikaner en sy Khoikhoi bende, wat hulle noord van die Oranje gevestig het om die koloniale gesag te ontvlug; die ontbering wat sy in die onherbergsame landskap moes verduur; die opofferings wat die sendelinge se naïewe en onrealistiese gedrewenheid meegebring het, en die isolasie en karige middele tot hul beskikking het alles hul tol geëis. Die belowende loopbaan van hierdie merkwaardige vrou is vroeg deur haar dood beëindig. Oor die berigte oor haar pynlike dood skryf Schoeman (1994b:66), tiperend van die rol van vroue in die era se sendingwerksaamhede en in die onverbiddelike landskap van Afrika:

> Agter die stigtelike taal en geykte frases, die formaliteit van die tydperk met sy ontwykings en verswygings en die moedswillige vertekening en verfraaiing wat deel van die sendingtegniek uitgemaak het, kan die werklikheid van stof en sand, hitte en droogte, siekte, angs, pyn en dood slegs met inspanning besef word.

In 'n tweede biografie oor 'n ewe merkwaardige sendelingvrou, *"A thorn bush grows in the path": The missionary career of Ann Hamilton 1815-1823* (1995b), stel Schoeman (1995b:6) hom ten doel "to rescue the interesting figure of Ann Hamilton from oblivion". Hy beskryf die botsing tussen 'n patriargale, outoritêre en Puriteinse sendingkultuur, soos verteenwoordig deur die bekende eerwaarde Robert Moffat van Kuruman en dr John Philip as "superintendent" van die Londense Sendinggenootskap, wat saamgespan het in hul vae beskuldigings teen die sterk, ondernemende vrou met 'n selfstandige mening:

> She defied the firmly held views of her day on the subjection of women in general and wives in particular" (Schoeman 1995b:59, 64).

Hierdie botsing het gelei tot haar "gedwonge" egskeiding en ontslag uit die sendingonderneming. Kenmerkend van Schoeman, teken hy hier 'n breedvoerige prentjie van die sosio-kulturele agtergrond van die Europese wêreld waaruit Hamilton kom, maar ook die leefwêreld van

hierdie pioniersendelinge in die Noord Kaap (Nuwe Lattakoo of Kuruman en omgewing). Hy skets die spanning van die ontmoeting tussen Wit en Swart, maar veral ook die onderlinge spanning tussen sendelinge. Hiervan is Ann Hamilton slagoffer. Met hierdie biografie maak Schoeman 'n belangrike bydrae tot genderstudies, maar volgens Erlank (2000:13-14) slaag hy nie voldoende daarin om die onderliggende faktor van weerlose vroulike seksualiteit teenoor die dominante manlike aansprake in die spanning krities uit te lig nie.

Die versameling van dokumente oor die Bosman familie, *Die Bosmans van Drakenstein 1705-1842* (2010), nasate van die bekende en omstrede sieketrooster Hermanus Bosman, bied waardevolle insigte oor die Nederlandse invloede op die Piëtisme as godsdienstige verskynsel in die Kaap. Die kerklik-godsdienstige lewe word uitvoerig behandel, asook die piëtistiese en selfs mistiek-godsdienstige milieu as agtergrond vir die versameling geskrifte van Susanna.[1] In 'n belangwekkende artikel in die *South African Historical Journal*, gee Schoeman 'n bondige oorsig oor 13 Nederlandssprekende vroue wat vanuit 'n piëtistiese hoek met hul ego-tekste die voorlopers was van 'n "proto-Afrikaanse letterkunde", en selfs 'n vroeë feministiese literatuur (Schoeman 1997c:24). Meeste van dié vroue het ook in noue verband met sendingaktiwiteite in die 18$^{de}$ en 19$^{de}$ eeu in Suid-Afrika gestaan.

In Schoeman se Vrijstatia-reeks beskryf hy letterlik al die vroeë sendingstasies en sendelinge in die Vrystaat. In hierdie reeks karteer Schoeman die Vrystaatse geskiedenis van die era voor en rondom die Groot Trek. Hy versamel die reisjoernale van die eerste Wit reisigers in die gebied (2003b); hy beskryf die aanvang van die sendingwerk te Philippolis (2005b), en hy versamel argivale bronne en voorsien dit met sy eie uitgebreide aantekeninge oor die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap se fassinerende Samuel Rolland (1984b) en sy vrou Elizabeth (1987). Dit is vir Schoeman belangrik om juis die verhaal oor die ontberinge van 'n sendelingvrou in die pionierstyd vir die nageslag te bewaar, want meestal is die fokus in geskiedskrywing op die mansfigure (1987:8). Schoeman beskryf ook die Wesleyaanse sending te Thaba Nchu (1991a), en hy versamel die briewe van Gottlob Schreiner, vader van die meer bekende Olive Schreiner (1991b), die Anglikaanse Kerk se Vrystaatse sending (1986) en die Berlynse sending (1985). Hierdie laaste werk, met die veelseggende titel *Huis van die armes,* is besonder keurig geskryf; dit bied 'n histories-getroue blik op die spanning tussen sendelinge en boere; die Shefflers,

1 Sien haar korrespondensie met Ds Theodorus van der Groe (Schoeman 1997a:27) as laaste belangrike verteenwoordiger van die Nederlandse Nadere Reformasie en die van haar jonger suster Elizabeth Bosman.

as sendelinggesin komende van die Berlynse stasie Bethanie, speel ’n belangrike rol in *’n Ander land* (1984a). Die Suid-Vrystaatse leë landskap is inderdaad die terrein waarop ’n groot deel van Schoeman se werke (fiksie en nie-fiksie) afspeel.

In die werk oor die Griekwa Kapteins van Philippolis (2002a) word ’n groot volume inligting vervat oor die bydrae van dr John Philip van die Londense Sendinggenootskap, maar die waardevoller bydrae van die publikasie is eerder die fokus op die geskiedenis van die Griekwa-mense in die Transgariep. In die bekroonde werk *Vrystaatse erfenis, bouwerk en geboue in die 19*de *eeu* (1982), is daar ’n hoofstuk oor “sending-bouwerk”, wat toegelig word met pensketse en histories-belangrike foto’s.

## 2.2 Slawegeskiedenis

In ’n latere fase van sy loopbaan, het Schoeman uitgebreide navorsing oor die slawegeskiedenis van die Kaap gedoen. Die bekendste publikasies hieroor is die tweedelige werk oor die slavin Armosyn: *Armosyn van die Kaap, voorspel tot vestiging 1415- 1651* (1999) en *Armosyn van die Kaap: Die wêreld van* ’n *slavin, 1652-1733* (2001), asook die lywige boek *Portrait of a slave society – the Cape of Good Hope 1717-1795* (2012). In hierdie werke word die “portret” van die slawebevolking in volle, afskuwelike werklikheid geteken.[2] Hierdie tekening fokus veral ook op die kerk se ambivalente houding teenoor slawe. Aan die een kant, die praktyk om slawekinders gebore uit huwelike tussen Europese immigrante met slawevroue (aanvanklik ’n baie algemene praktyk), maar ook kinders buite die eg verwek, “deur die bank te laat doop” (Schoeman 2001:538, 539) sodat hulle ook elementêre onderrig kon ontvang. Aan die ander kant, die groeiende weerstand in die Blanke kerk en samelewing teen die vroeë pogings tot sendingwerk onder die slawe en hul skoolonderrig (Schoeman 2001:568; 2012:441). Schoeman toon aan hoe prominente lidmate van die kerk en selfs leraars slawe-eienaars was, wat ook maar hul slawe onmenslik behandel het. Soms is slawe goed behandel, maar slawerny as sosiale instelling is kritiekloos aanvaar. Hy toon ook aan hoe die onoorbrugbare onderskeid tussen slawe-eienaars en slawe juis in die kerklike praktyk, byvoorbeeld die prag en praal waarmee slawe hul eienaars na eredienste gedra het, bevestig is. Die slawe het daarom eerder aanklank by die Islam-geloof gevind (Schoeman 2012:442-446; 1997d:121). Hy skryf in hierdie werke ook oor die ontwaking van ’n sendingbewussyn (en die uitreik na slawe) onder invloed van ds. Helperus Ritsema van Lier, ds. MC Vos en weduwee Machtelt Smit, en die stigting van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap in 1799.

2 Sien ook Schoeman (1997d:164).

## 2.3 Biografieë oor drie merkwaardige vroue

### 2.3.1 Olive Schreiner

Benewens verskeie korter publikasies, het Schoeman ook ’n omvangryke biografie oor Olive Schreiner geskryf, wat in sowel Afrikaans (1998b) en Engels (1991c) verskyn het. Schoeman kies doelbewus om oor ’n vrou te skryf, ’n vrou wat moes veg om ’n staanplek vir haarself binne die manlik-gedomineerde wêreld van haar tyd te vind, en wie se lewensloop nou verweef was met die plek (landskap) en sosiale omstandighede waarin sy groot geword het. Hierdie konteks wat haar lewensloop bepaal het, was die 19<sup>de</sup>-eeuse Suid-Afrikaanse sendingonderneming, spesifiek op die sendingreservaat Wittebergen in die Suid Vrystaat en Healdtown in die Noordoos Kaap. Schreiner se vader was Gottlob Schreiner, wie se sendingsloopbaan in Philippolis begin het en oor wie Schoeman (1991b) ’n biografie uit argivale bronne saamgestel en van aantekeninge voorsien het. Haar moeder Rebecca was die stiefsuster van Elizabeth Rolland, vrou van die Franse sendeling Samuel Rolland. Schoeman (1987; 1984b) het eweneens biografiese materiaal oor die Rolland egpaar versamel, versorg en uitgegee. Hy bring in die Schreiner-biografie ’n ryke verskeidenheid argivale bronne uit die 19<sup>de</sup>-eeuse sending byeen; hy gaan delf die wortels van die sendingbeweging uit Europa op. Hierin beskryf hy ook die ongemaklike ontmoeting met en houding teenoor die Swart bevolking vir wie hierdie sendelinge in Afrika kom bedien het – die konteks waarin Schreiner opgroei:

> [T]he missionaries in South Africa, with the exception of the French in the Caledon river valley, were set on maintaining a distance between themselves and those for whose salvation they had come unbidden to these parts; they were self-conscious, ill at ease, and had a sense of being threatened, especially as regards sexuality and anything related to it (Schoeman 1991c:61).

Alle sendelinge was nie gedrewe deur humanitêre en idealistiese motiewe nie; hulle was dikwels wanaangepaste randfigure, in onderlinge stryd en vasgevang in die botsing tussen Europese immigrante en inheemse bevolkings. Schoeman beskryf hierdie sendingkonteks uitvoerig met die oog op ’n biografiese tekening van hierdie merkwaardige vrou en skrywer se lewe.

### 2.3.2 Susanna Smit

Die idee vir die skryf van ’n boek oor Susanna Smit het ontspring in ’n ontmoeting met prof. Christina Landman, bekende kerkhistorikus van

Unisa. Landman (1994; 2009) was toe ook besig met navorsing oor die spiritualiteit van Afrikaanse vroue. Susanna Smit was die suster van die Trekkerleier Gerrit Maritz en vrou van die omstrede sendeling Erasmus Smit. Na hulle ’n aantal jare (onsuksesvol) op sendingstasies werksaam was, het Erasmus en Susanna die Groot Trek meegemaak. Erasmus, haar “moeilike, sukkelende man” (Schoeman 1997c:37), is om verskeie redes nooit as prediker deur die Voortrekkers aanvaar nie.

In hierdie publikasie, versamel Schoeman opnuut ’n geweldige hoeveelheid argivale bronne, en bied dit dan toeganklik aan vir die leser. Die fokus is veral, soos die titel suggereer, op die wêreld van Susanna Smit. Haar dagboeke en joernale bied waardevolle inligting oor die Groot Trek en die vroeë geskiedenis van Natal (Pietermaritzburg). Dit teken die agtergrond van die Afrikaanse republikeinse strewe waarin sy ’n prominente rol gespeel het. Haar beweerde dreigement om eerder “kaalvoet terug oor die Drakensberge” te loop en daar in vryheid te sterf as om onder Engelse bewind te staan, word in die werk onder die loep geneem. Haar woorde is as slagspreuk gemunt, en as mite oor die dapperheid van volksmoeders in die Afrikaner se ideologiese vertolking van die Groot Trek ingegraveer. Schoeman (2003a:255) poog om hierdie histories verwronge beeld te herstel; hy ontmitologiseer die hagiografiese vertolkings van die Groot Trek; hy skets nie alleen die meer realistiese buitelyne van haar leefwêreld nie, maar onderstreep eerder haar “begaafdheid as skrywer” en die belang van haar dagboeke as letterkunde in eie reg, wat uit kultuurhistoriese oogpunt as primêre bron van inligting oor haar tyd, en uit psigologiese hoek as interessante insig in die gemoed en spiritualiteit van ’n vrou uit ’n konvensionele Afrikaner-milieu dien. Sy is die voorloper van die “ontboeseminge literatuur” wat veel later voortgesit is deur Afrikaanse vroue soos Hettie Smit, met haar ego-teks: *Sy kom met die sekelmaan* (Schoeman 2003a:167). Die biografie moes agtergrondinligting tot die beoogde latere publikasie van haar dagboeke bied (Schoeman 2003a:10).

Soos die geval met die ander biografieë, dui Schoeman ook die verband van hierdie biografie met sy ander werke aan. Daar is byvoorbeeld ’n sterk ooreenkoms tussen Susanna Smit en Machtelt Smit; Susanna het Machtelt geken en is regstreeks deur haar beïnvloed (Schoeman 2003a:41).

### 2.3.3 Machtelt Smit

Hierdie werk is waarskynlik Schoeman se mees gesofistikeerde historiese werk (Erlank 2000:5). Dit handel oor Machtelt Smit (1997d), ’n vrou wie se lewe tekenend was van die kerklik-godsdientige lewe van die laat 18$^{de}$ en vroeë 19$^{de}$-eeuse Kaapse gemeenskap. Weduwee Smit het ’n veelbewoë

lewe gehad; binne 25 jaar is albei haar mans, al tien haar kinders en enigste kleinkind oorlede.[3] Sy het daarna 'n invloedryke leiersfiguur binne die vroeë sendingontwaking geword. Byna alle sendelinge het op hul tog na die noorde eers in Tulbagh (toe nog Roodezand) by haar tuisgegaan, is daar deur haar ingelig, toegerus, bemoedig en verder uitgestuur; hulle het daarna deurentyd met haar in korrespondensie gebly. Sy was die eerste Suid-Afrikaanse vrou wat haar op daadwerklike wyse in 'n wyer kring laat geld en in eie reg na vore getree het (Schoeman 2003a:43). Ook wat hierdie biografie betref, is daar 'n verband met ander historiese werke van Schoeman: Machtelt Smit was 'n direkte nasaat van Armosyn van die Kaap, oor wie Schoeman (1999; 2001) twee historiese werke geskryf het. In die biografie, probeer Schoeman lig werp op die oënskynlik skielike sendingopbloei aan die Kaap en die kortstondige geesdrif vir die sending onder 'n betekenisvolle deel van die Kaapse bevolking, wat in 1799 tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap gelei het, maar wat op een of ander tydstip tussen die dood van Van der Kemp in 1811 en die aanstelling van John Philip in 1819 uitgebrand en selfs in teenkanting oorgegaan het (Schoeman 1997d:7). Binne hierdie sosio-kulturele konteks en historiese raamwerk van hierdie era se volksvroomheid, plaas hy dan die lewenskets van Machtelt Smit. Die boek se titel, *Dogter van Sion*, soos aangetref in Sefanja 7:14-15 en verskeie Psalms, verwys na die rol van die vrou in die aanbidding van die volk Israel, wat in ballingskap hul verlange na die tempel in Jerusalem in Sionsliedere verwoord. *Dogter van Sion* suggereer reeds die "vrome verlange" wat kenmerkend van die Piëtisme as godsdienstige verskynsel was. Maar dit dui tegelyk ook op die deurslaggewende invloed van die vrou in die geestelike begeleiding van die volk Israel (Roos 2002:319). Vanuit 'n rykdom argivale material, gee Schoeman 'n omvattende beeld van die 18de-eeuse Kaapse samelewing, met al die standverskille en sosiale vraagstukke in spesifiek ook die kerklik-godsdienstige lewe. Die amptelike kerk as "staatsinstelling" of onderdeel van die "bestuurskompleks van die Kompanjie" (Schoeman 1997d:113) se kille en byna banale rol in die handhawing van klasseverskille en die swier van die koloniste se sosiale lewe word hier gestel teenoor die wêreld van Machtelt Smit en haar mede-sendelinge, hul vrome verlange en naïewe entoesiasme om die heidendom te kersten. Schoeman (1997d:123-146) het vir dié boek grondige navorsing gedoen oor die Piëtisme as godsdienstige verskynsel; hy het die wortels daarvan in Wes-Europa (nie bloot Nederland nie, maar veral ook Duitsland en Engeland) opgediep en hy toon aan hoe dit veral ook deur middel van geskrifte wat uit dié geweste na Suid-Afrika gestroom het, 'n beduidende invloed op die Kaapse spiritualiteit gehad het.

3 Sien ook Schoeman (1997c:28).

# 3. HISTORIOGRAFIE

## 3.1 Schoeman as skrywer van sending- en kerkgeskiedenis

In sy romans, byvoorbeeld *Verkenning* (1996a), *Hierdie lewe* (1993c), *Die uur van die engel* (1995a) en veral *Verliesfontein* (1998a), staan Schoeman se bemoeienis met die verlede sentraal (Burger 2002:228). In *Verliesfontein*, gaan dit oor die stelling en vraag: “Die verlede is ’n ander land; waar is die pad wat soontoe loop?” (Schoeman 1998a:7). In hierdie boek, besin Schoeman oor die aard van geskiedskrywing en spel hy sy historiografiese benadering uit. Waar begin jy? Hoe druk jy die deur teen die donker oop?

> [B]eur teen die donker en wag op die drumpel tot jou oë iets in die skemeragtigheid kan onderskei … jy moet die gepaste nederigheid en geduld aankweek, en leer om te wag, om te luister (Schoeman 1996a:43, 45; 1998a:19).

Spore of “feite” uit die geskiedenis is meesal skamel en skaars; soos in ’n legkaart moet jy die brokstukke en fragmente soek en noukeurig bymekaarsit (Schoeman 1998a:55). Jy kan dit nie met jou eie vooringenomenheid blootlê nie; selfs ook die argief (die formele geskiedenis) is ’n selektiewe, subjektiewe bewaarplek, nie altyd betroubaar nie. Jy moet jou geduldig laat lei deur dit wat uit die verlede aangebied word. Hiervoor is verbeelding nodig, en ’n onthou, teen die uitwissing van die geheue en die vervlakking van die moderne tydsgewrig in (Burger 2002:234), want wie nie leer uit die verlede nie, is gedoem om dit te herhaal (Schoeman 1998a:244). Herinnering kan terapeuties wees en tot vergiffenis lei, hoewel dit ook die teenoorgestelde uitwerking kan hê (Schoeman 1998a:234). Schoeman voel dit as sy lewensroeping om dit wat eens gebeur het, die geskiedenis wat verlore raak, wat wegvloei soos water, en soos sand wegstroom, op te teken:

> Ek is al wat hoor, en as daar stemme uit hierdie duister sou opklink, sal die woorde verlore gaan as ek nie luister en dit opteken nie (Schoeman 1998a:89).

In sy biografie oor Machtelt Smit, stel Schoeman (1997d:24) hom ten doel:

> om uit ’n verskeidenheid van wydverspreide bronne en brokstukkies inligting bymekaar te soek en daaruit ’n mosaïekbeeld te probeer saamstel wat, indien dit van oor ’n afstand betrag word, hopelik ’n skyn van oortuiging sal besit en iets van die vervloë werklikheid sal kan oordra.

Schoeman se oeuvre fokus op 'n spesifieke era, die 18de en vroeë 19de eeu. Sy grootste bydrae is waarskynlik die enorme omvang van sy historiese navorsing. Hy het oor dié tydperk, as tipiese argivaris, geweldig baie argivale bronne ontsluit en toeganklik gemaak vir navorsers, maar dit tegelyk ook in 'n meer populêre, leesbare vorm gegiet. Schoeman het toeganklikheid van historiese inligting as die spesifieke doel met sy publikasies gestel. Mens moet egter ook toegee dat in sy werke daar meermale oorvleueling van argivale stof is. Erlank meen hy maak te min gebruik van sekondêre materiaal in veral sy vroeëre, korter werke; hy hou voetnotas en verwysings tot 'n minimum, en sy werk is meer deskriptief as analities.

Dit is egter 'n vraag of Schoeman as historikus beoordeel behoort te word, en of hy selfs ook as 'n kerk- of sendinggeskiedskrywer beskou sou kon word. Schoeman self ontken meermale dat hy 'n professionele of akademiese geskiedkundige is; hy sou homself allermins as 'n teoloog beskou het. Hy is in die eerste plek 'n skrywer van romans. Trouens, hy hekel meermale die hoofstroom-geskiedskrywers. In sy voorwoord tot die biografie oor Machtelt Smit, skryf Schoeman (1997d:8) byvoorbeeld:

> [S]oos vir beroepshistorici duidelik sal wees, is dit egter nie die werk van 'n historikus nie: my ambisieuse en moontlik vermetele doel was om eietydse bronne so te benut dat die resultaat so leesbaar en aangrypend sal wees soos 'n roman. Tot dusvêr was leesbaarheid helaas nie 'n doel wat dikwels deur Afrikaanstalige historici nagestreef is nie, en is onleesbaarheid daarenteen meestal as waarborg van akademiese integriteit beskou.

Hierdie akademiese toon is volgens hom die rede waarom die deursnee Afrikaanse leser geskiedenis so vervelig vind. Hiermee stem Erlank (2000:1) saam: "Schoeman is a novelist and an author who is attempting to breathe life in the dry bones of history". Giliomee getuig guitig oor hul onderlinge korrespondensie en Schoeman se oordadige kritiek op sy skryfstyl; vir Schoeman moes historiese stof met 'n ou-wêreldse styl, binne die vorm van 'n roman gegiet word. Schoeman skryf nie in akademiese toonaard nie; hy tree nie toe tot die debat tussen historici nie, en hy het 'n skeptisisme oor en "afkeur van die akademiese, tegniese en teoretiese souse waarmee hedendaagse historici hul geskiedenis opdis" (Giliomee 2000:102). Schoeman beskryf die geskiedenis as narratief, as konseptuele rekonstruksie, maar kom dan nie uit by die analitiese nie en hy poog nie doelbewus om antwoorde te gee op belangrike historiografiese kwessies nie. En tog was Schoeman "historikus in die volste sin van die woord" wat "tereg met die Stalsprys vir Kultuurgeskiedenis bekroon is" (Giliomee 2002:99).

Schoeman gee voorkeur aan die biografie as genre in sy geskiedskrywing. In die biografieë, veral oor Olive Schreiner (1989), Susanna Smit (2003a) en Machtelt Smit (1997b), is sy beskrywing van die kultuurhistoriese konteks waarbinne hy hul lewens plaas, baie omvangryk en wydlopend; groot dele van die biografie bring die spesifieke persoon oor wie die biografie handel nie eers ter sprake nie. Schoeman dui egter telkens in die titels aan dat dit juis ook oor hul leefwêreld gaan, en nie net oor hulle as persone nie. In die biografie oor Schreiner, dui hy sy benadering tot die skryf van 'n biografie aan. Hy gebruik feite en fiksie, die herinnering van mense, outobiografiese stof in haar skryfwerk, weeg dit alles, bevraagteken alles, en maak gebruik van eksterne getuienis om so lig op haar persoonlikheid en leefwêreld te gooi.

> This biography is by no means a clinical recreation of her life; nor could it ever be that; it is a collection of verifiable facts presented chronologically, and beyond that it is an attempt to be no more than a work of deduction, surmisal, hypothesis, supposition and intuition, a tabulation of possibilities, a drawing of outlines, and a tentative definition of areas. It is an approach to a life; and closer than that it is probably no longer possible to come (Schoeman 1991c: 72).

In sy refleksie op die werke van Paul Ricoeur oor "history" en "memory", skryf Vosloo oor die belang van 'n verantwoordelike omgaan met historiese bronne. Hy fokus ook op menslike herinnering ("memory"), hoe mense hulle die historiese gebeure voorstel, hoe gebeure interpreteer is, selfs verwring is, met ander woorde die elemente wat dikwels nie so klokhelder uitstaan uit argivale bronne nie. Vosloo wys op fases in die historiografiese proses: dokumentering ('n besig-wees met die ontsluiting van bronne); verduideliking en begrip (analise); hoe die historiograaf dit uiteindelik aanbied in sy/haar werk, asook die seleksies wat gemaak word. Dit verg 'n verantwoordelike hermeneutiek, 'n bewussyn van eie subjektiwiteit en so 'n getroue weergawe van historiese gebeure as moontlik. Dit moet egter ook doelbewus rekening hou met die onvolledige en relatiewe aard van historiese "waarhede" (Roos 2002:313) – selfs ook van die argief self. Alle geskiedskrywing bevat 'n seleksie, verg verbeelding, is subjektief van aard; historiese verbeelding is 'n essensiële onderdeel van geskiedskrywing.[4] Hierby kom dan die etiese vrae: Dien die betrokke weergawe van die geskiedenis as "remedy" of "poison"? Watter doel wil dit bereik? In teologiese sin gaan dit oor die vraag: Wil dit in- of uitsluit? Is dit sensitief daarvoor dat 'n geskiedenisaanbieding wat deur sommige as 'n verhaal van oorwinning beleef word, weer deur ander as vernedering of verlies beleef kan word? (Vosloo 2017:22-24). Dien die geskiedskrywing,

4 Sien ook Comaroff & Comaroff (1992) se etnografiese studie oor die Batswana as voorbeeld. Sien ook Scott (2018).

wat ook die oog hou op die *resepsie* daarvan, geregtigheid; gee dit ook 'n stem aan hulle wat in die geskiedenis verontreg is? Bring dit heling of verdere verdeling? Hoe raak dit die leser vandag? Hierby sou die spesifieke opgaaf van kerk- of sendinggeskiedenis dus kon aansluit: om op so 'n wyse om te gaan met die Christelike en kerklike verlede dat dit as korreksie kan dien op die geheueverlies en skadelike herinnering ("memory") in die hede. Dit behoort ook 'n geskiedenis "van benede" te wees, wat dus nie net handel oor "hierarchical-institutional-bureaucratic corporation, but rather focuses on religious lives and pious practices of the laity and the ordinary faithful" (Vosloo 2017:71). Dit moet juis die stemme laat hoor van hulle wat dikwels deur die amptelike geskiedskrywing uitgedoof is. Dit kan ook nie anders as om as gedeelde geskiedenis, ekumenies, verhaal te word nie. Hierby sou ek kon byvoeg dat dit ook baie nederig behoort te wees in die uitwys van God se hand, of God se wil in die geskiedenis. Oor die algemeen, verg geloofwaardige geskiedskrywing 'n veel nederiger aanpak en groter epistemologiese onsekerheid as wat gewoonlik vermoed word. Die verlede is inderdaad 'n ander land.

Gemeet aan bogenoemde kriteria, slaag Schoeman myns insiens die toets van verantwoordelike geskiedskrywing. Sy geskrifte poog om die ideologisering van die geskiedenis, die verheerliking van die volkshelde of gesagsinstansies, te rekonstrueer en die gewone mens wat vanuit die geskiedenis roep aan die woord te stel: "Kyk na my; luister na my. Ek het ook eens gelewe" (Schoeman 1998a:148). Dit was Schoeman se lewensdoel om aan hierdie stemme lewe te gee; dit was sy eie "sending-roeping". Hoewel hy nie in die eerste plek teoloog of sendinggeskiedskrywer was nie, lewer hy inderdaad 'n reuse bydrae wat ook vir die teologie en sendinggeskiedskrywing van groot waarde is. Nie alleen die omvang van sy navorsing oor sendelinge en hul leefwêreld nie, maar juis ook sy unieke historiografiese benadering, sy blikveld – doelbewus nie die groot gebeure, teoloë of teologiese vrae nie, nie die kerk as denominasie of histories-deurslaggewende konfessionele besluite nie, nie die selfversekerde "aflees" van God se hand in die geskiedenis nie, maar die tekening van "geleefde godsdiens" binne 'n historiese konteks – bied 'n waardevolle bydrae tot die teologie en sendinggeskiedenis.

## 3.2 Vergete stemme – herstellende geskiedskrywing

Dit is nie maklik om Schoeman se geskiedskrywing te posisioneer in die belangrikste skole binne die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, soos byvoorbeeld die imperialistiese, koloniale, nasionalistiese, Marxistiese, liberale of herstellende (*revisionist*) skool (Visser 2004; Giliomee 2002:102) nie. Hyself sou sterk weerstand teen so 'n kategorisering bied. Hy kan, na my

oordeel, egter wel gereken word binne die beweging wat sedert die 1970's op die skryf van sosiale- of kultuurgeskiedenis gefokus het, op die verhale van gewone mense, op die ervaringe van hulle wat normaalweg deur die krake van die groot historiese narratiewe val, op 'n geskiedenis van onder af op, eerder as die geskiedenis van groot gebeure en generaals. Schoeman skryf daarom oor die wêreld van sendelinge as buitestaanders, Swart sendelinge, oor die ontroerende woorde van vier Hottentot-bekeerlinge op die sendingstasie Zakrivier (Roos 2002:314) of die piëtistiese en mistieke as randverskynsels in die hoofstroom godsdienstige wêreld. Sy historiese werke oor sendelinge gaan meermale oor die stryd van sukkelende sendelinge teen die kerklike "establishment", die "triomfalistiese Hollandse Kerk" in Suid Afrika (Schoeman 2003a:125; 2005b:52). Sy missie was om, soos die sendelinge siele probeer red het, met groot ywer en toewyding vergete en verdraaide kennis oor historiese figure van literêre/historiese liminaliteit te red (Erlank 2000:15). Schoeman se belangrikste (en meeste) werk het oor vroue (sendelingvroue en slawevroue) gehandel, in wat feministiese historici "herstory", of "the rectifying approach" noem (Erlank 2000:11). Hyself motiveer sy belangstelling in vroue-karakters so:

> Omdat vroue deur omstandighede meestal gedwing is om na binne te lewe, is hulle lewens gewoonlik interessanter as dié van mans, wat tot blote dade en gebare verplig is (Schoeman 2003a:13).

## 3.3 Fokus op die Piëtisme en mistiek

Schoeman vra in sy sendingbiografieë: Waarom ontwaak daar in die laat 18^de^ en vroeë 19^de^ eeu skielik 'n sendingbewussyn en -aktiwiteit aan die Kaap?

Hy wys veral op die opkoms en groei van die piëtistiese beweging as godsdienstige "randverskynsel", maar wat inderdaad 'n groot invloed op die kerklik-godsdienstige lewe in die Kaapse samelewing van die tweede helfte van die 18^de^ en vroeë 19^de^ eeu gehad het. Dit neem 'n aanvang met die koms van die Morawiese sendeling George Schmidt, wat in 1757 op Baviaanskloof (die huidige Genadendal) begin werk en die nawerking van die Herrnhutter vroomheid in dié milieu, asook die toestroming van Duitse, meestal Lutherse, immigrante. Die wortels van dié beweging aan die Kaap lê dus primêr in die Piëtisme in Duitsland, maar word ook deur die Nadere Reformasie in Nederland en die Evangeliese Ontwaking in Brittanje gevoed. Schoeman gaan speur die wortels na in 17^de^-eeuse Europa en selfs verder terug, tot by die eerste vyf eeue na Christus. Raath (2017b:2) wys daarop dat Schoeman, anders as by die gerekende vaderlandse kerkhistorici wat die Piëtisme bloot as uitloper van die Nederlandse Nadere Reformasie (dus as konstruktivistiese, nasionale verskynsel) verstaan, dit eerder as trans-konfessionele en trans-nasionale verskynsel met ook Duits-Lutherse

en Engels-Skotse Puriteinse oorsprong beskryf. Raath (2017a:3) dui selfs ook die Rooms Katolieke wortels daarvan aan. Die Piëtisme vind in die Kaap vrugbare aarde om in te ontkiem, omdat die Nederlandse kerk hier vir langer as 150 jaar 'n dogmatiese doodsheid en kille formaliteit vertoon het (Schoeman 1997d:119). As instituut het dit eintlik maar net deel gevorm van die Kompanjie se bestuur-sisteem; dit was vasgevang in die sosiale standverskille en was getooi in die swier van die tyd. Vir lang tydperke was gemeentes vakant; op die voorposte (*frontiers* of *limiete*) moes mense meestal kerklike bediening ontbeer. Schoeman beskryf ook hoe 'n groot stroom van piëtistiese boeke, ander geskrifte en briewe hul weg na die Kaap gevind en juis as enigste godsdienstige begeleiding vir baie mense gedien het. Uit argivale bronne, beskryf Schoeman (1997d:117) die spiritualiteit van individue en groepe as godsdienstige verskynsel, as kulturele en sosiale uiting, eerder as om op die teologiese beslissings van die kerk as instituut te fokus. Schoeman se benadering ten opsigte van die historiese beskrywing van 'n bepaalde volksvroomheid (spiritualiteit) sou kon inpas by wat in die moderne praktiese teologie as 'n studie oor geleefde godsdiens (*lived religion*) bekend staan, 'n godsdiens-sosiologiese studie oor wat (gewone) mense doen, hoe hulle hul spiritualiteit uitleef en wat hul motiveer (Ganzevoort & Roeland 2014).

Binne die Piëtisme as godsdienstige verskynsel, fokus Schoeman (2010:98) spesifiek op die mistieke, en veral dan die mistieke ervaringe en die optekening daarvan deur vroue in die vroeë vorme van ego-tekste (dagboeke, joernale en briewe), soos byvoorbeeld die geskrifte van Machtelt Smit, Susanna Smit en Susanna en Elizabeth Bosman. Raath (2014) wys daarop dat Karel Schoeman en Christina Landman hieroor baanbrekernavorsing gedoen het. Hierdie Suid-Afrikaanse verskynsel staan in lyn met 'n eeue-oue tradisie van vroue wat hul mistieke ervarings opgeskryf het. Waar Machtelt Smit meer uit die Duitse piëtistiese oord beïnvloed is, stam Susanna Smit spesifiek uit die Nederlandse piëtisme, of Nadere Reformasie, wat dwarsdeur die 18de tot taamlik diep in die 19de eeu op die godsdienstige leefwêreld in Suid-Afrika 'n sterk invloed uitgeoefen het – binne die algemene raamwerk van die Protestantisme, maar buite die struktuur van die amptelike kerk. Schoeman (2003a:168-169) gee daarvan die volgende definisie:

> Hierdie rigting, om 'n baie summiere opsomming te gee, het ontstaan as 'n reaksie op die formaliteit, rasionalisme en verwêreldliking van die amptelike Kerk, het die klem geplaas op gevoel, die innerlike geestestoestand van die gelowige en 'n mistieke belewing van die geloof, en is veral gekenmerk deur privaat byeenkomste of "konventikels".[5]

5 Sien ook Schoeman (1997d:124) se breër omskrywing daarvan.

Oor Susanna Smit se dagboeke beskryf Schoeman (2003a:178) byvoorbeeld haar mistieke ervaringe:

> God is vir haar steeds die Vader en Jesus die Broer, die Minnaar en die Bruidegom, ’n siening wat des te meer opval as daar in ag geneem word in hoe ’n mate die amptelike prediking van haar tyd die klem op sonde, skuld, geregtigheid, oordeel en straf laat val het.

Hierin volg sy op die voetspoor van ouer mistieke skrywers soos Juliana van Norwich en Teresa van Avila. ’n Belangrike verskynsel in die mistiek is die element van erotiek wat aanwesig is in die onmiddellike en persoonlike verhouding met haar Verlosser. Hierdie bruilofsmistiek (’n vertolking van *Hooglied*) en die bruilofmetafore waarin die verhouding met Christus uitgedruk word, is nie bekend in die moderne Calvinistiese spiritualiteit nie; die letterkundige waarde daarvan, asook die verband met die ouer mistieke verskynsels in Europa, word dikwels misken (Schoeman 2003a:180).

## 3.4 Kolonialisme en sending – ontmoeting van Europa en Afrika

Schoeman probeer nie doelbewus om ’n antwoord te gee op die belangrike vraag in sendinggeskiedenis, naamlik sendelinge se rol as agente in die koloniale projek, of die imperiale uitbreidingsdrang van Europese lande nie. In sy tekening van die lewe van sendelinge kom daar ’n ambivalente beeld na vore. Aan die een kant, was daar iemand soos dr John Philip wat, as uitvoerende hoof van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika, doelbewus en aktief meegewerk het aan Britse imperiale ideale. Aan die ander kant, was sendelinge oor die algemeen juis nie agente van die Kaapse owerhede of in diens van die Europese setlaars nie. Hoewel hy nie daarna verwys nie, sou hy saamstem met die bekende werk van die Camaroffs (1992; Erlank 2000:6; Scott 2018) wat die sending as gestadigde proses van dialoog tussen kulture, en dus uiteindelik van wedersydse assimilasie beskryf.

In die biografie oor Schreiner, beskryf Schoeman die onbenydenswaardige posisie van die sendelinge, tussen die imperiale projek, aan die een kant, en die belange van die mense onder wie hulle gewerk het, aan die ander kant. Van regeringskant is dikwels van hulle verwag om as regeringsagente op te tree, wat hul werk gestrem en hulle onder die mense onder wie hulle gewerk het verdag gemaak het. As hulle egter die belange gedien het van diegene onder wie hulle gearbei het, is hulle van politieke inmenging beskuldig (Schoeman 1991c:23). Die sendelinge was eerder gedrewe deur ’n oortuiging van hul heilige roeping, om nie alleen die verlossing in Christus te verkondig nie, maar ook om die Europese

"beskawing" hier in Afrika te kom oorplant. Die Christelike geloof en die Europese kultuur was vir hulle sinonieme. Daarby was die meeste sendelinge, so herinner Schoeman die leser telkens, naïewe, ongeleerde mense, wat in hul sendingywer Europese kultuurgebruike op hardkoppige en onnadenkende wyse op die mense van Afrika kom afdruk het. Hierin het hulle meer kwaad as goed gedoen:

> They were, for the most part, men of humble origins – farmers, shopkeepers, clerks – whose education had been meagre; but in those days inspiration was valued above training. Often naïve, ignorant and uncompromising, they were hardly prepared for the demands of Africa, with its diversity of peoples and cultures; confronted with those demands, they reacted with incomprehension, censure and rejection, which neither eased their adjustment to their own situation nor aided their ministry among the heathen (Schoeman 1991:c:25; 2005a:26).

Tog was daar ook uitsonderings. Van die sendelinge het hulle volledig met die belange van die mense onder wie hulle gewerk het, geassosieer; hulle het byvoorbeeld ook met inheemse vroue getrou. Dr J.T. van der Kemp was hierin die belangrikste voorbeeld. Van der Kemp was nie haastig om die Westerse kultuur op die inheemse mense af te dwing nie en teen 1820 het die ouer vroue op die stasie byvoorbeeld nog karosse gedra, tot misnoeë van buitestaanders, vir wie kerstening, verwestering, "vooruitgang" en "beskawing" sinoniem was. In die biografie oor Susanna Smit, beskryf Schoeman (2003a:24, 25) Van der Kemp se sendingstasie op Bethelsdorp:

> [D]ie aktiewe wyse waarop die sendelinge die belange van die ontstamde en ontheemde Khoikhoi teenoor die blankes verdedig het, en die feit dat die Khoikhoi, wat anders onder ekonomiese druk in die diens van die blanke boere gedwing sou gewees het, op Bethelsdorp 'n alternatiewe heenkome gevind het ... Vir die klein groepie sendelinge in hul geïsoleerde posisie in 'n vreemde land was die teenwerking wat hulle daagliks ondervind het die oorheersende faktor in hul verhouding tot die blanke boere.

In 'n artikel oor Schoeman se boek *'n Ander land*, dui Coetzee (2002:140) die sentrale vraag by Schoeman aan: Watter plek het die Europese kultuur in Afrika? Hoe oorkom jy die vervreemding wat 'n Europeër hier beleef? Kan jy taal vind om mee tuis te kom in Afrika? Hoe leef jy in Afrika? Hierdie worsteling om die Europese kultuur met dié van Afrika te versoen, word in *'n Ander land* aandoenlik geïllustreer as die Schefflers op hul sendingstasie Bethanie hul viole uithaal en 'n Mozart-stuk speel, afgestomp, 'n vreemde klank in dié konteks: "die enigste jammerte is dat hierdie land nie besonder ontvanklik

geblyk het vir Mozart nie … en wat maak dit saak?” (Schoeman 1984a:192). Dat die Europese kultuur nie in Afrika sou tuiskom nie, daarmee moes vrede gemaak word. In *’n Ander land*, antwoord Schoeman daarop dat dit moontlik word om in Afrika te leef as jy aanvaar dat jy ook in Afrika sal sterf (Coetzee 2002:141). Jy moet vrede maak met die leegte, die niks soos vergestalt in die Suid-Afrikaanse landskap; jy moet leer binnetree in die oneindige leegte van hierdie wye land. Dié verhelderende insig word aangrypend beskryf in die toneel in *’n Ander land* waar Versluis en Pastoor Scheffler ’n sendingbuitepos naby Brandkop, buite Bloemfontein, besoek, en die moment van sonsondergang beleef, die koepel van die lug wat geledig van alle kleur die wye leegheid van die landskap ontmoet,

> geledigde vlak wat by geledigde vlak aansluit soos die twee kleppe van ’n skulp, asof alles vir ’n breukdeel van ’n sekonde skielik volmaak geword het (Schoeman 1984a:226).

Scheffler som dit so op:

> om te kyk en te luister en deel te word van hierdie land en sy stilte, om in God te lewe, naamloos en onbekend, om hier dood te gaan en begrawe te word en jou liggaam aan die land oor te laat sodat die gawe volledig word (Schoeman 1984a:227).

Die tuiskom in Afrika is dus ’n tuiskom in die landskap, in die leegheid daarvan. Maar dit laat die vraag: Is dit ook moontlik om in gesprek met die mense van Afrika, in dialoog, en in die aanleer van hul taal tuis te kom? Daaroor swyg Schoeman (Coetzee 2002:142), ook in sy geskrifte oor die sendinggeskiedenis.

## 3.5 Historiese romans

Schoeman maak in ’n aantal van sy romans gebruik van historiese sendelingfigure. Die roman as fiksie vloei dus ineen met nie-fiksie; daarin verbeeld hy die geskiedenis in verhale wat so getrou moontlik die deur na die donker verlede oopbeur. Dit bring die ou vraag na vore: Is ’n historiese roman ook ’n geldige, verantwoordelike manier om die geskiedenis weer te gee? Is sy historiese werk ook gedeeltelik onderhewig aan die wet van die vermenging van feit en fiksie (Roos 2002:307)? Waar lê die grense tussen verbeelding of inbeelding, aan die een kant, en ’n getroue uitbeelding van die geskiedenis, aan die ander kant? Tot watter mate kan die historikus ook sy/haar werk (veral ook biografieë) soos ’n roman struktureer en aanbied, leesbaar, boeiend, met die oog op die toeganklikheid van die geskiedenis vir die gewone leser? Die hantering van historiese (en verbeelde) sendelingkarakters in Schoeman se romans, ook in vergelyking met

romans soos *Missionaris* van Elsa Joubert (1988) of *Bidsprinkaan, 'n ware storie* deur André P. Brink (2005), kan nie in die bestek van hierdie artikel aan die orde kom nie; dit vra egter om verdere navorsing.

## 4. PERSOONLIKE BETROKKENHEID – 'N EIE MISSIE

In die besinning oor Schoeman se sendinggeskiedskrywing kan daar gevra word na sy persoonlike betrokkenheid, sy eie missie in hierdie verband. Waarom dié fokus op sendelinge? Het hy 'n aangetrokkenheid tot sendelinge gehad, en veral dan tot vroue wat in verband met die sending staan – 'n soort vereenselwiging met sendelinge as buitestaanders? Gaan dit bloot om die feit dat hulle as randfigure tussen koloniste en slawe, tussen Wit en Swart gestaan het, vroue in 'n manlik-gedomineerde wêreld, mense op die limiete/*frontiers* waar Europa en Afrika mekaar ontmoet het? Of dien hulle ook 'n religieuse doel, en word hulle daarom beskryf as bemiddelaars van die transendente, die mistieke? Het Schoeman se eie episode as leerling-monnik en siekeversorger in Ierland iets daarmee te doen? Was Schoeman, soos N.P. van Wyk Louw – wat duidelik 'n groot invloed op Schoeman gehad het en aan wie hy sy Roggeveldse geskiedenis opgedra het – deurlopend op soek na die onnoembare, gewikkel in 'n geding met God?

Op hierdie vrae sou daar nie afdoende antwoorde gegee kan word nie. Schoeman het homself onomwonde losgemaak van die georganiseerde kerk, selfs ook van die Rooms Katolieke Kerk; hy het op besliste wyse daarvan afskeid geneem. Hy verklaar dat hy baie baat gevind het by die wegwysing van Zen-Boeddhisme, maar wat hy as sodanig nie as "godsdiens" beskou nie. In die 1990's, het hy hom egter diep ingegrawe in die geskrifte van mistici soos Juliana van Norwich, Johannes van die Kruis, Teresa van Avila, die woestynvaders, Hildegard van Bingen, Engelse mistici soos Thomas Mertin; hy lees Theilard de Chardin, Evelyn Unterhill, asook die werke van Bonhoeffer, die Unitariërs, die Kwakers, en die Anglikaanse aartsbiskop William Robinson se *Honest to God*. Tydens sy verblyf in die pastorie op Sutherland, terwyl hy 'n boek oor die Roggeveld geskryf het, maak die belydenisse van Augustinus 'n groot indruk op hom. En daar teken hy 'n reël aan wat Van Wyk Louw oor Johannes die Doper geskryf het: "O God, U is my duisternis, / ek gryp verwilderd en dis U, / wat in my leë hande is". In aansluiting by die woestynvader Johannes van die Kruis word die niks, die leegte, die leë landskap,[6] die metafoor vir die onbegryplike en "bowemenslike", die God tot wie ons net deur die ontkenning en die neerlê van alles kan gaan (Schoeman 2002a:607).

6 Sien ook die mooi foto van die Suid-Vrystaatse, eindelose vlaktes op die omslag van *Slot van die dag* (2017).

In die loop van sy wydstrekkende leeswerk, het Schoeman (2002a:603) enigsins verras kennis gemaak met die geestelike geskrifte van Andrew Murray en besef hoe ’n uitsonderlike figuur hy was, naas die boervrou Susanna Smit moontlik die enigste Suid-Afrikaanse skrywer oor die mistiek. Schoeman was duidelik aangetrokke tot die mistiek; sy geskrifte oor die mate waarin die breër Piëtisme, maar veral ook die mistiek as belangrike onderdeel van dié godsdienstige stroming, as dryfveer tot die Suid-Afrikaanse sendingontwaking aanleiding gegee het, is dus werklik vanuit ’n persoonlike betrokkenheid geskryf.

Dit is veelseggend dat Schoeman sy laaste drie reise voor sy selfdood in 2017 as soort pelgrimstogte na Lesotho onderneem het. Op sy heel laaste reis bring hy besoek aan die byna 200-jaar-oue Franse Sendingstasie te Morija.[7] Hier ontdek hy dat die hek na die kerk, wat normaalweg gesluit is, oopstaan – “niks is toeval nie”, skryf hy daaroor. Dit was sy groot begeerte om met dié laaste besoek ’n tydjie in die kerk te kan vertoef, in die kerkgebou wat oor jare so ’n groot indruk op hom gemaak en hom bygebly het. “Hiér, besef mens, het daar iets gebéúr, en is jy bewus van ’n intense konsentrasie van emosie of gevoel” (Schoeman 2018:34), ’n bewussyn van ’n lang geskiedenis waarvan so min tasbare tekens behoue gebly het. Hier, soos telkens wanneer hy oor die geskiedenis besin, hy na ’n moeisame tas in die donker homself “op ’n plek bevind waar iets gebeur het” (Schoeman 1998:41), en veral in die sendinggeskiedenis gebeur het, gryp hy dan terug na die woorde van ’n gedig van T.S. Elliot om aan sy ervaring gestalte te gee:

> You are not here to verify,
> Instruct yourself, or inform curiosity
> Or carry report. You are here to kneel
> Where prayer has been valid (uit ‘Little Gidding’, in Four quartets; sien Schoeman [2018:35]).

## BIBLIOGRAFIE

Brink, A.P.

2005. *Bidsprinkaan, ’n ware storie*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Burger, W.

2002. Stemme uit die duister: Schoeman se bemoeienis met die verlede. In: W. Burger & H. van Vuuren (reds), *Sluiswagter by die dam van stemme*. *Beskouings oor die werk van Karel Schoeman* (Pretoria: Protea Boekhuis), pp. 228-241.

7 Deesdae die hoof kerkplek van die Lesotho Evangelical Church in Southern Africa.

Burger, W. & van Vuuren, H. (Reds)
2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Coetzee, J.M.
2002. 'n Ander land. In: W. Burger & H. van Vuuren (reds), *Sluiswagter by die dam van stemme*. *Beskouings oor die werk van Karel Schoeman* (Pretoria: Protea Boekhuis), pp. 140-142.

Comaroff, J. & Comaroff, J.
1992. *Ethnography and the historical imagination*. Boulder, CO: Westview Press.

Elphick, R.
2012. *The equality of believers, Protestant missionaries and the racial politics of South Africa*. London: University of Virginia Press.

Erlank, N.
2000. A reflection Karel Schoeman. Die Sendingloopbaan van Karel Schoeman. Ongepubliseerde kongresreferaat, Academia. [Aanlyn.] Bekom van: https://www.academia.edu/6819990/A_Reflection_Karel_Schoeman [20 April 2019].

Ganzevoort, R. & Roeland, J.
2014. Lived religion: The praxis of Practical Theology. *International Journal of Practical Theology* 18(1):pp. 91-101. https://doi.org/10.1515/ijpt-2014-0007

Giliomee, H.
2002. Karel Schoeman as historikus. In: W. Burger & H. van Vuuren (reds), *Sluiswagter by die dam van stemme, beskouings oor die werk van Karel Schoeman* (Pretoria: Protea Boekhuis), pp. 98-106.

Joubert, E.
1988. *Missionaris.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Landman, C.
1994. *The piety of Afrikaans women: Diaries of guilt.* Pretoria: Unisa.

2009. Calvinism and South African women: A short historical overview. *Studia Historiae Ecclesiasticae* 35(2):89-102.

Raath, A.W.G.
2014. Petite bourgeoisie, female piety and mystical pietism on the South African frontier, 1760-1860. *Studia Historia Ecclesiasticae*. [Online.] Retrieved from: http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S1017-04992014000100007 [20 Julie 2019].

2017a. Die Rooms-Katolieke wortels van die mistiek in die sewentiende- en agttiende-eeuse Kaapse piëtisme. *Studia Historiae Ecclesiasticae* 43(2). (Aanlyn.) Bekom van: https://upjournals.co.za/index.php/SHE [20 Julie 2019].

2017b. Transkonfessionalisme, konstruktivisme en Karel Schoeman (1939-2017) oor die Kaapse piëtisme. *In die Skriflig/In Luce Verbi*. ISSN: (Online) 2305-0853, (Print) 1018-6441

Roos, H.

2002. Die “vaslê en behou van wat eens hier gebeur het”; Vrouestemme in *Verkenning* en *Dogter van Sion*. In: W. Burger & H. van Vuuren (reds), 2002, *Sluiswagter by die dam van stemme; beskouings oor die werk van Karel Schoeman* (Pretoria: Protea Boekhuis), pp. 305-320.

Schoeman, K.

1982. *Vrystaatse erfenis bouwerk en geboue in die 19de eeu.* Kaapstad: Human & Rousseau.

1984a. *‘n Ander land*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1984b. *Samuel Rolland, pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873*, Kaapstad: Human & Rousseau. (Versamel en redaksioneel versorg).

1985. *Die huis van die armes, die Berlynse Sendinggenootskap van die O.V.S. 1834-1869 – ’n bloemlesing geredigeer en vertaal deur Karel Schoeman*, Vrijstatia 4. Kaapstad: Human & Rousseau (Vertaal en redaksioneel versorg).

1986. *The Free State mission: The work of the Anglican Church in the Orange Free State, 1863-1883, as described by contemporaries*. *Vrijstatia 6*. Cape Town: Human & Rousseau (Collected and edited).

1987. *The recollections of Elizabeth Rolland (1803-1901)*. *Vrijstatia 8*. Cape Town: Human & Rousseau (Edited).

1991a. *The Wesleyan Mission in the OFS 1833-1854*. *Vrijstatia 11*. Cape Town: Human & Rousseau.

1991b. *The missionary letters of Gottlob Schreiner 1837-1846*. *Vrijstatia 12*. Cape Town: Human & Rousseau.

1991c. *Olive Schreiner, a woman in South Africa 1855-1881.* Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

1993a. *Die Londense Sendinggenootskap en die San: Die Stasies Ramah, Konnah en Philippolis, 1816-1828*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

1993b. *Die Londense Sendinggenootskap en die San: Die Stasies Toornberg en Hezibah*, 1814-1818. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

1993c. *Hierdie lewe*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1994a. *Die Londense Sendinggenootskap en die San: Die Stasie Boesmanskool en die Einde van die Sending, 1828-1833*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

1994b. *Die kort sendingsloopbaan van Sophia Burgmann, 1805-1812*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

1995a. *Die uur van die engel*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1995b. *A thorn bush that grows in the path*, *the missionary career of Ann Hamilton, 1815-1823.* Cape Town: South African Library.

1996a. *Verkenning*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1996b. *J.J. Kircherer en die vroeë sending, 1799-1806*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

1997a. *The mission at Griquatown, 1801-1821*. Griquatown: Griekwastad Tourism Society.

1997b. *A debt of gratitude. Lucy Lloyd and the "Bushman work" of G.W. Stow*. Cape Town: South African Library.

1997c. Vroeë geskrifte deur Suid-Afrikaanse vroue, 1749-1865. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 3624-47. (Aanlyn.) Bekom van: https://doi.org/10.1080/02582479708671267

1997d. *Dogter van Sion, Machtelt Smit en die 18de-eeuse samelewing aan die Kaap 1749-1799*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1998a. *Verliesfontein*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1998b. *Oliver Schreiner: 'n Lewe in Suid-Afrika 1855-1881*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1999. *Armosyn van die Kaap. Voorspel tot vestiging, 1415-1651.* Pretoria: Protea Boekhuis.

2001. *Armosyn van die Kaap. Die wêreld van 'n slavin 1652-1733.* Kaapstad: Human & Rousseau.

2002a. *The Griqua Captaincy of Philippolis, 1826-1861*. Pretoria: Protea Book House.

2002b. *Die laaste Afrikaanse boek, outobiografiese aantekeninge*. Kaapstad: Human & Rousseau.

2003a. *Die wêreld van Susanna Smit 1799-1863*. Pretoria: Protea Boekhuis.

2003b. *Early White travellers in the Transgariep 1819-1840*. *Vrijstatia 14*. Pretoria: Protea Boekhuis.

2005a. *The early mission in South Africa/Die vroeë sending in Suid Afrika*. Pretoria: Protea Boekhuis.

2005b. *The Griqua mission at Philippolis 1822-1837*. *Vrijstatia 15*. Pretoria: Protea Boekhuis.

2010. *Die Bosmans van Drakenstein 1705-1842* (edited). Pretoria: Protea Book House.

2012. *Portrait of a slave society, The Cape of Good Hope 1717-1795*. Pretoria: Protea Book House.

2017. *Slot van die dag*. Pretoria: Protea Boekhuis.

2018. *Die laaste reis.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Scott, D.

2018. "Styg maar op en bespied die wydtes: Jy sal geen vaderland vind nie". Die rol van "grond" in Suid-Afrikaanse historiese fiksie oor die 18de en 19de eeu. In: Africa Book Link, Afrikaans Literature. [Aanlyn.] Bekom van: http://africabooklink.com/styg-maar-op-en-bespied-die-wydtes-jy-sal-geen-vaderland-vind-nie-die-rol-van-grond-in-suid-afrikaanse-historiese-fiksie-oor-die-18de-en-19de-eeu-dora-scott/ [27 Julie 2019].

Van Vuuren, H.

2002a. 'n Oorsig oor die oeuvre (1965-1998). In: W Burger & H. van Vuuren (Reds), *Sluiswagter by die dam van stemme*. *Beskouings oor die werk van Karel Schoeman* (Pretoria: Protea Boekhuis), pp. 51-64.

2002b. "Op die limiete". (Verkenning 1996). In: W. Burger & H. van Vuuren (Reds), *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman* (Pretoria: Protea Boekhuis), pp. 272-291

Visser, W.P.

2004. Trends in South African historiography and the present state of historical research. Paper presented at the Nordic Africa Institute, Uppsala, Sweden, 23 September 2004. [Online.] Retrieved from: https://www.academia.edu/2874752/trends_in_south_african_Historiography_and_the_present_state_of_Historical_research [21 July 2019].

Vosloo, R.

2017. *Reforming memory. Essays on South African church and theological history*. Stellenbosch: African Sun Media. https://doi.org/10.18820/9781928314370

Wepener, C.

2017. *Die reis gaan inwaarts, die kuns van sterwe in kreatiewe werke van Karel Schoeman*. Bloemfontein: Sun Press. https://doi.org/10.18820/9781928355151

| *Keywords* | *Trefwoorde* |
| --- | --- |
| Karel Schoeman | Karel Schoeman |
| Missionary history | Sending-geskiedskrywing |
| Historiography | Historiografie |
| Pietism | Piëtisme |